

Van links is mnre. Afzal Patel, besturende direkteur van Kagiso Ventures, Dave Best, besturende direkteur van Waco Africa, en Bruce Zungu, adjunk- besturende direkteur van Kagiso Ventures.

Kagiso verkoop en koop belang in Waco

Waco Africa, die Suid-Afrikaanse onderneming van Waco International, het gister 'n verdere strategiese swartbemagtigingsooreenkoms met die Kagiso-groep aangekondig.

Waco International is onlangs verkoop in een van die grootste buitelandse uitkoop-transaksies nóg in Suid-Afrika vir R5,4 miljard. As gevolg van dié transaksie was Waco Africa se voormalige swartbemagtigingsvennoot, Kagiso Ventures, daarop geregtig om sy belegging van 25,1% in Waco Africa te realiseer.

Gevolglik het Kagiso Ventures sy belang vir etlike miljoene rande verkoop.

Gister is 'n nuwe belang van 25% in Waco Africa verkry deur Kagiso Strategic Investments, 'n beleggingsinstrument in die Kagiso-stal.

+19

COLLEGE HILL
Press cutting

Tel +27 11 447 3030
Email info@collegehillir.com
www.collegehill.com

Reproduced by College Hill Associates Ltd.
The contents of the publication from which the above extract has been taken are copyright works and without prior permission may not be copied further.